**Saterdag 26 November**

**Skrifgedeelte: Matteus 12:33-37**
**Fokusgedeelte: Matteus 12:34c**

## Waar die hart van vol is, loop die mond van oor

Gaan u nou ’n wag voor u mond plaas en baie meer noukeurig op u woorde let? Noudat u gehoor het dat ons op die oordeelsdag rekenskap van elke (selfs *“ligsinnige”*) woord moet gee en dat ons op grond van ons woorde vrygespreek of veroordeel gaan word?

Wanneer Jesus ’n man wat besete is en nie kan sien of praat nie, van die duiwel bevry en gesond maak, skryf die Fariseërs hierdie wonder toe aan die werk van Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels (Matt. 12:24). Hulle doen dit om Jesus by die mense verdag te maak en om sy toenemende invloed en gewildheid te bekamp. Hulle kan die wonder nie ontken nie. Diep in hulle harte weet hulle ook dat Jesus bewys het dat Hy sterker as die duiwel is, maar hulle haat en veragting vir Jesus verhoed hulle om dit te erken. Daarom sê hulle liewer dat Jesus ’n bondgenoot van die duiwel is.

Dit is die gesindheid teenoor Jesus wat in die oordeelsdag die deurslag sal gee. Wat hierdie gesindheid is – haat of liefde – kan nie weggesteek word nie. Vroeër of later word dit in woorde en dade sigbaar.

Erken dus eerder vandag weer dat Jesus die *“goeie boom”* is; die ware wingerdstok, die Bron van redding en van alles wat goed is. Bly deur die geloof altyd op Hom geënt, sodat jou mond (en jou lewe) tot in die oordeelsdag kan oorloop van goeie dinge (Joh. 15:5).

*Sing: Psalm 1-1:1, 2*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*